**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(ORANGE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. : 112/2007

In die hersiening van:-

**DIE STAAT**

*versus*

**LISBETH TSHABALALA**

---

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | RAMPAI R *et* VAN ZYL R |
| **UITSPRAAK DEUR:** | VAN ZYL R |
| **GELEWER OP:** | 12 APRIL 2007 |

---

[1] Beskuldigde het in die Landdroshof, Botshabelo, tereggestaan op 'n aanklag van aanranding met die opset om ernstig te beseer. Sy het onskuldig gepleit, maar is skuldig bevind en op 19 Januarie 2007 gevonnis tot 2 (twee) jaar gevangenisstraf.

[2] Die aangeleentheid het op outomatiese hersiening voor Van der Merwe R gedien en het hy redes vir die opgelegde vonnis van die Verhoorlanddros aangevra. Volledige en omvangryke

sodanige redes is inderdaad deur die Verhoorlanddros verskaf, waarna die aangeleentheid in die gewone gang van sake aan my toegewys is vir oorweging op outomatiese hersiening.

[3] Die voorval het by die klaagster se broer se woning plaasgevind. Die klaagster se broer en beskuldigde woon saam. Op die dag van die voorval het die klaagster 'n selfoonnommer by beskuldigde gaan haal. Dit blyk dat nadat die klaagster reeds die selfoonnommer by die beskuldigde gekry het, het daar 'n gesprek tussen die klaagster en beskuldigde plaasgevind, welke gesprek klaarblyklik in 'n onderonsie ontaard het. Beskuldigde het daarop die klaagster met 'n mes gesteek. Die klaagster het twee steekwonde van twee sentimeter elk op haar linkerhand opgedoen en twee skraapwonde op haar linkerarm en bolip. Die twee steekwonde is onderskeidelik met drie en vier hegsteke geheg. Geen mediese getuienis is ten opsigte van hierdie beserings aangebied nie.

[4] Beskuldigde is 'n 19-jarige eerste oortreder. Sy is getroud, het nie kinders nie en is werkloos.

[5] Soos blyk uit die klagstaat en soos ook heeltemal tereg deur die Verhoorlanddros in sy redes vir vonnis uitgewys, is die bepalings van artikel 4(1) van Wet 71 van 1968 in die onderhawige geval van toepassing, in terme waarvan gevangenisstraf van minstens 2 (twee) jaar as vonnis opgelê word, onderhewig daaraan dat indien die Hof oortuig is dat daar omstandighede is wat die oplegging van 'n ligter straf as die twee jaar gevangenisstraf regverdig, daardie omstandighede in die notule van die verrigtinge aangeteken moet word en sodanige ligter straf dan opgelê kan word. In die onderhawige geval het die Verhoorlanddros as volg in sy redes vir die opgelegde vonnis vermeld:

> "In die lig van die beserings wat klaagster opgedoen het en die feit dat beskuldigde 'n mes gevat, haar agtervolg en sonder rede gesteek het was ek nie oortuig dat daar omstandighede is wat die oplegging van 'n ligter vonnis as die minimum vonnis

regverdig nie."

[6] Dis is beslis so dat beskuldigde klaarblyklik sonder enige rede daartoe en totaal onnodig haar tot geweld gewend het. Daar moet egter ook na die verdere omringende omstandighede met betrekking tot die pleging van die misdryf gekyk word. Hoewel die misdryf as sulks ernstig van aard is, kan die beserings wat die klaagster opgedoen het na my mening nie as ernstige beserings geklassifiseer word nie. Dit moet ten gunste van beskuldigde in ag geneem word. Wat die persoonlike omstandighede van beskuldigde betref, is dit inderdaad so dat sy aan die minimum ouderdom van 18 jaar voldoen wat in die Wet voorgeskryf word. Desnieteenstaande is ek van mening dat die feit dat sy slegs 19 jaar oud is en derhalwe nog relatief jeugdig is, ten gunste van haar as 'n versagtende faktor in oorweging geneem moet word. Die feit dat sy 'n algeheel eerste oortreder is, is ook 'n verdere faktor wat baie strafversagtend inwerk. Indien die kumulatiewe effek van hierdie faktore in ag geneem word, is ek van oordeel dat dit omstandighede daarstel wat

die oplegging van ‘n ligter vonnis dan die voorgeskrewe 2 (twee) jaar gevangenisstraf regverdig. Die vonnis van 2 (twee) jaar gevangenisstraf is na my mening skokkend swaar en onvanpas en regverdig dus inmenging.

[7] Gevolglik word die volgende bevele verleen:

1. Die skuldigbevinding word bekragtig.

2. Die opgelegde vonnis word tersyde gestel en vervang met ‘n vonnis van 18 (agtien) maande gevangenisstraf waarvan 12 (twaalf) maande gevangenisstraf opgeskort word vir 4 (vier) jaar op voorwaarde dat beskuldigde nie skuldig bevind word aan aanranding met die opset om ernstig te beseer gepleeg gedurende die termyn van opskorting nie. Die vonnis moet geag word opgelê te gewees het op 19 Januarie 2007.

**C. VAN ZYL, R**

Ek stem saam.

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**C.H.G VAN DER MERWE, R**

/sp